**Die uur het gekom (OP232)**

**Joh 12:20-36**

**14 September 2025**

Laasweek het ons gekyk na die intog van die Here Jesus in Jerusalem. Ons het gesien 'n skare Jode wat by die opwekking van Lasarus was, het van hierdie teken getuig, en die gevolg was dat 'n ander skare Jode, wat hiervan gehoor het, die Here Jesus tegemoetgegaan het vanuit Jerusalem toe Hy op pad was na Jerusalem. Hierdie skare het uitgeroep: "Hosanna! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here Jesus." Hierdie was 'n akkurate vervulling van die gebeure in Ps 118. Ons het ook gesien dat die Here Jesus op 'n donkie Jerusalem in gery het, wat op sy beurt 'n vervulling was van die profesie in Sag 9. Hierdie gebeure het juis die unieke Koningskap van die Here Jesus uitgelig: Hy is die regverdige Oorwinnaar-koning. Hy kom om die aanvoerder van die goddelose aardse konings, dit is die duiwel, te oorwin en om geregtigheid te bewerk. So vestig Hy dan Sy wêreldwye koninkryk van vrede, en Hy neem die regverdiges met Hom saam deur die poorte van geregtigheid na die Here toe.

Vandag wil ek die fokus laat val op Joh 12:23, waar die Here Jesus gesê het: "Die uur het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word." Ek wil die volgende punte hanteer: (1) Agtergrond wat gelei het tot hierdie uitspraak, (2) Eerste doel van die verheerliking van die Seun van die mens: Dit lei tot baie vrug, (3) Tweede doel van die verheerliking van die Seun van die mens: Dit lei tot verheerliking van die Vader, en (4) Verdere doelwitte van die verheerliking van die Seun van die mens.

<u>Agtergrond wat gelei het tot: "Die uur het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word" (Joh 12:19-23)</u>

Lees Joh 12:19-23. Laasweek het ons gesien dat die gedeelte oor die intog van die Here Jesus in v19 afgesluit het met die Fariseërs wat gefrustreerd gekla het dat die hele wêreld agter die Here Jesus aangeloop het. Alhoewel hulle in gedagte gehad het dat dit veral Jode was wat in die Here Jesus begin glo het, het ons opgelet Johannes gebruik die woord "wêreld" juis om te verwys na die sondegevalle mensdom – m.a.w. dit verwys na meer as net Jode. In vers 20 lees ons nou van 'n aantal Grieke. Onder die term "Grieke" moet ons verstaan hulle was nie Jode nie, hulle was afkomstig vanuit die Grieksspreken de wêreld. Ons lees ook dat hulle na die paasfees gekom het om te aanbid. Dit is nie duidelik of hulle proseliete was wat hulle al volledig verbind het tot die Joodse geloof nie, en of hulle dalk nog eerder net gefassineer was deur die Joodse geloof en gekom het om meer te leer.

Hoe dit ook al sy, hierdie Grieke wou graag die Here Jesus sien – dit beteken hulle wou graag met die Here Jesus praat. Hulle het egter nie direk die Here Jesus genader nie – hulle het Filippus genader, Filippus het na Andreas gegaan met hulle versoek, en hulle twee het op die ou end na die Here Jesus gegaan met die Grieke se versoek. Dit is nie duidelik hoekom hulle hierdie omslagtige benadering gevolg het nie. Maar op die ou end het die Grieke se versoek by die Here Jesus uitgekom.

Volgens vers 22 het die Here Jesus hierop geantwoord. Dit lyk egter of die Here Jesus nie hierdie Grieke afgesonder het en net met hulle gepraat het nie – ons lees byvoorbeeld in vers 34 van 'n skare wat geluister het na die Here Jesus se antwoord. Alhoewel Sy antwoord nie eksklusief aan die Grieke gerig was nie, is dit wel so dat dit die Grieke se versoek aan Hom was wat die lering wat nou volg, gesneller het. En die antwoord van die Here was: "Die uur het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word" (v23). Dit was dus die versoek van die Grieke wat gelei het daartoe dat die Here Jesus gesê het: "Die uur het gekom."

Die Here Jesus het spesifiek gesê: "Die uur het gekom". Daar was verskeie kere vroeër in die Johannes-evangelie waar die Here Jesus juis gesê het Sy uur het nog nie gekom nie – byvoorbeeld in Joh 2:4 tydens die bruilof in Kana, of Joh 7:30 en 8:20 waar ons gelees het dat die Jode Hom nie suksesvol kon gevange neem nie, want Sy uur het nog nie gekom nie. Maar nou sê Hy Sy uur het gekom. En onthou wanneer hierdie gebeure afgespeel het: tydens die laaste week voor die Here Jesus se kruisiging tydens die komende Pasga. Nou het die uur gekom. Ons lees in hierdie verse van "die Seun van die mens" – uit verse 32-34 is dit duidelik dat die skare verstaan het dat Hy hiermee enersyds na Homself verwys het, maar andersyds ook na die feit dat Hy die Christus, oftewel die Messias, is. Ons moet die gevolgtrekking maak: Ons staan hier by 'n groot draaipunt in die wêreldgeskiedenis: Die uur het gekom dat die Here Jesus, wat ook die Seun van die mens is, wat ook die Christus of Messias is, nou verheerlik moet word. Die vraag is natuurlik: Wat beteken dit?

<u>Eerste doel van die verheerliking van die Seun van die mens: Dit lei tot baie vrug (Joh 12:24-26)</u>

Kom ons besin nou oor wat dit beteken dat die Seun van die mens verheerlik moet word. In die Johannes-evangelie het ons al verskeie kere vantevore gelees van die heerlikheid van die Here Jesus. In Joh 1:14 het ons byvoorbeeld gelees: "...en ons het Sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos dié van die unieke Seun van die Vader – vol genade en waarheid." Ons weet Joh 1 is basies 'n opsomming van die hele evangelie. Die vraag is: Waar het hierdie heerlikheid van die Seun sigbaar geword, wat Johannes daartoe gelei het om te skryf dat hulle Sy heerlikheid aanskou het?

In Joh 8:50 en 54 het ons spesifiek gelees dat die Here Jesus nie Sy eie verheerliking soek nie, nee, dit is die Vader wat Hom verheerlik. Dit is sekerlik so dat die optrede van die Here Jesus, veral die tekens wat Hy gedoen het, al juis van Sy heerlikheid getuig het. Maar wat nou gaan volg in die uur wat nou gekom het, is 'n besondere openbaring van Sy heerlikheid. Die res van die gedeelte wat ons vandag oordink, gee vir ons insig in wat hierdie verheerliking behels.

Lees Joh 12:24. Ons weet nou al, as die Here Jesus sê: "Amen, amen, Ek sê vir julle", is dit wat daarop volg nie net belangrik nie, dit is ook waar, en ons moet kennis neem. Wat daarop volg, is verrassend: Die Here Jesus verduidelik dat 'n koringkorrel in die grond moet val en sterf, sodat dit kan ontkiem en baie vrug kan voortbring. Indien dit nie eers sterf nie, bly dit net een korrel. Dit is die sterwe van die een korrel wat noodsaaklik is om baie vrug op te lewer. Ek glo dit is duidelik: die Here Jesus is die koringkorrel. En Hy moet sterf. En deur Sy sterwe sal daar baie vrug wees. Wat verrassend is, is dat die Here Jesus se verheerliking gekoppel is aan Sy sterwe. Sien jy dit? Die Here Jesus het gesê die uur het gekom vir Sy verheerliking, en dan volg Hy dit op met 'n beskrywing oor Sy sterwe. Ons eerste reaksie sou wees dat Sy sterwe eerder deel van Sy vernedering moet wees, as Sy verheerliking. Dit is eers as ons begin begryp wat Sy sterwe bereik en waarheen dit lei, dat ons kan begin om te waardeer dat dit deel van Sy verheerliking is. En wat ons hier leer is: Omdat Sy sterwe lei tot baie vrug, daarom is Sy sterwe deel van Sy verheerliking.

Lees Joh 12:25-26. In hierdie verse word ons verder verduidelik hoe die sterwe van die Here Jesus eindig in baie vrug. Ons lees van twee groepe mense: sommige mense het hulle lewens in hierdie wêreld lief, terwyl ander hulle lewens in hierdie wêreld gering ag. Om hierdie stelling te verstaan, moet ons onthou wie soewerein in beheer is van die wêreld: dit is natuurlik die Here God. Maar tydens die sondeval het die mens geoordeel hulle wil eerder self God wees, en dus in beheer wees van hulle lewens. Hulle is besorgd oor hulle lewe hier en nou, en hulle wil nou in hierdie lewe hulle eie selfsugtige begeertes bevredig. Die Here Jesus sê hierdie mense gaan hulle lewens verloor – immers is dit op 'n leuen gebou. Daar is egter mense wat tot ander insigte kom – hulle kom tot insig die Here God is in beheer. Hulle stel nie langer belang om primêr gefokus te wees op hulle selfsugtige begeertes nie, hulle ag hierdie lewe as gering – hulle strewe eerder na die ewige lewe.

Hierdie mense is die mense wat die Here Jesus volg. Die sterwe van die Here Jesus bereik onder andere die doel dat Hy geregtigheid bewerk vir hierdie mense. Dit is hierdie mense waarvan ons laasweek in Ps 118 gelees het wat Hy saam met Hom deur die poorte van geregtigheid wil neem na die Here toe. Daarom kan ons nou hier lees dat hierdie mense sal wees waar die Here Jesus ook is. En die Vader sal hierdie mense eer – Hy sal hulle verwelkom in Sy teenwoordigheid – immers het Sy Seun deur Sy sterwe vir hulle geregtigheid bewerk, en daarom kan hulle nou in Sy teenwoordigheid kom, deurdat hulle saam met die Here Jesus deur die poorte van geregtigheid beweeg na die Here toe. Dit is wanneer ons dit raaksien, dat ons kan verstaan dat die Here Jesus se sterwe juis deel is van Sy verheerliking. Sy sterwe is 'n noodsaaklike stap om geregtigheid te bewerk vir hierdie mense. So bewerk Sy sterwe baie vrug. So is Sy sterwe nie vernedering nie, maar verheerliking. Sekerlik sal die Vader die Seun verheerlik oor hierdie vrug wat Hy bewerk het, en sekerlik sal die persone wat deel van die vrug is, Hom ook verheerlik – want hulle kan nou deur die poorte van geregtigheid na die Vader gaan, en vir ewig in heerlikheid by Hom wees. Dit is die eerste doel van die verheerliking van die Seun van die mens deur Sy sterwe: Dit lewer baie vrug op.

<u>Tweede doel van die verheerliking van die Seun van die mens: Dit lei tot verheerliking van die Vader (Joh 12:27-30)</u>

Ons het nou reeds gesien dat die uur aangebreek het vir die verheerliking van die Seun – en hierdie verheerliking hou onder andere in dat Hy moet sterf. Dit was vir ons ietwat onverwags. Uit vers 34 sal ons later sien dat die skare wat die lering van die Here Jesus gehoor het, ook geworstel het met Sy sterwe – hulle was onder die indruk dat die Christus vir ewig sal bly – hoe kan Hy dan nou leer dat Hy gaan sterf?

Lees Joh 12:27. Dit blyk nou dat selfs die Here Jesus geworstel het met Sy sterwe – Hy erken Sy siel is hewig ontsteld. Geliefdes, ons loop die gevaar om afgestomp te raak oor hoe intens die sterwe van die Here Jesus was. Ons het dit al so baie keer gehoor, en die gevolg is dat ons bykans ongevoelig word hieroor. Ja, ons weet Hy het gesterf, maar drie dae later het Hy opgestaan – en ons wil amper redeneer: Was dit werklik so erg? Dikwels hoor ons in preke hoe 'n geweldige fisiese lyding dit moes wees om gekruisig te word – mediese feite word aangehaal om te verduidelik hoe 'n pynvolle en stadige dood dit moes wees. Dit help ons om iets meer te begryp van die fisiese lyding. Maar daar is steeds meer: Daar is die lyding van die Seun van God wat alleen die toorn van die Vader oor al die sondes van al die gelowiges moes dra. Daar was die lyding om deur Sy Vader verlaat te word – terwyl Hy en die Vader Een is, en van ewigheid Een was. Ons het al gesien Hulle is Een in Wese – en tog is die Here Jesus deur Sy Vader verlaat. Daar was boonop die lyding om teen die duiwel te moet stry – 'n intense stryd. En asof dit alles nie genoeg is nie, is daar ook nog die harde werklikheid dat Hy, wat self ook God is, vooraf geweet het hoe intens dit alles sou was. Dit was so erg dat die Here Jesus hier in vers 27 uitroep: "My siel is ontsteld" – want sien, die uur vir hierdie lyding het nou gekom. Ja, dit is al van die begin af in God se raadsplan opgesluit. Ja, Hy weet al vir baie lank dat hierdie uur gaan kom. Ja, Hy het bewustelik ingestem om te kom. Maar nou is die uur hier! En Hy is ontsteld! Volgens vers 27 was Sy ontsteltenis so erg, dat Hy selfs gewonder het of Hy nie moet vra nie: "Vader, red My uit hierdie uur". Daar is al heelwat geredeneer of Hy werklik hierdie bede gebid het, en of Hy net oorweeg het om dit te bid. Ek weet nie – maar ons weet Hy het dieselfde worsteling later in Getsemane ervaar, en daar het Hy iets soortgelyks gebid, maar direk ook met die kwalifikasie dat Sy Vader se wil moet geskied. Twee punte is egter baie duidelik: (1) Voor Sy sterwe, en veral nou dat die uur gekom het, het die Here Jesus baie geworstel oor hierdie komende lyding. (2) Maar soos wat Hy hiermee geworstel het, so het Hy ook tot die besef gekom: Hy kan nie nou nie die uur deurgaan nie – immers is dit juis met die oog op hierdie uur dat Hy gekom het. Hy worstel met die intensiteit

van die komende lyding, en terselfdertyd met die feit dat Hy gehoorsaam moet wees aan Sy Vader se wil.

Lees Joh 12:28. In hierdie diepe sielswroeging bereik die Here Jesus egter die punt waar Hy wel bid. En Hy bid: "Vader, verheerlik U Naam!" Ten diepste is dit wat Hy werklik wil bereik: Sy Vader se Naam moet verheerlik word – wat ookal nodig is om dit tot gevolg te hê, dit is wat Hy bereid is om deur te gaan: "Vader, verheerlik U Naam!" En toe Hy dit bid, toe is daar 'n antwoord. 'n Stem uit die hemel antwoord. En die stem sê: "Ek het dit verheerlik, en Ek sal dit weer verheerlik." Hoor jy dit? Die Seun vra: "Vader, verheerlik U Naam", en die stem uit die hemel sê: "Ek het dit verheerlik, en Ek sal dit weer verheerlik." Wie se stem was dit? Dit moet tog die Vader se stem wees. Wat sê die Vader het Hy al verheerlik, en wat sal Hy weer verheerlik? Sy Naam – dit is juis waarvoor die Seun gevra het. As die Here Jesus worstel met die lyding van die uur wat gekom het, bevestig die Vader dat Sy Naam daardeur verheerlik sal word. Nou kan ons vra: Waar het die Vader al Sy Naam verheerlik? Reg van die begin van die skepping af. En net na die sondeval – toe Hy verlossing beloof het. Deur die loop van die Ou Testament toe Hy in al groter detail beskryf het hoe Hy die verlossing gaan bewerk. Die afgelope paar jaar tydens die openbare optrede van die Seun toe Hy deur die dade en lering van die Seun Sy beloofde verlossing nog duideliker gemaak het. En hoe gaan Hy Sy Naam nou weer verheerlik? Deur die verheerliking van die Seun – en daardie verheerliking van die Seun begin met die sterwe van die Seun. En die uur hiervoor het nou gekom.

Lees Joh 12:29-30. Hierdie stem uit die hemel is nie net deur die Here Jesus gehoor nie. Nee, die skare wat na die Here Jesus geluister het, het dit ook gehoor. Maar hulle het nie verstaan wat die stem gesê het nie, en ook nie Wie se stem dit was nie. Party het gedink dit was 'n donderslag. Ander het gedink dat dit die stem van 'n engel was. En wat verstommend is, is wat die Here Jesus in vers 30 sê: "Hierdie stem het nie ter wille van My gekom nie, maar ter wille van julle." Weereens is ons verbaas: Immers was dit die Here Jesus wat ontsteld was en wat gebid het: "Vader, verheerlik U Naam". Immers was die antwoord uit die hemel juis 'n antwoord hierop. Sekerlik moes dit bemoedigend vir die Here Jesus wees om hierdie boodskap van Sy Vader te hoor. En boonop: Die skare het nie eens verstaan wie se stem dit was nie, en sekerlik het hulle nie verstaan wat die inhoud van die boodskap was nie – immers het party gedink dit was bloot 'n donderslag. Hoe kan hierdie stem en boodskap sinvol wees juis ter wille van hulle? Don Carson skryf hieroor en lig die volgende uit: Hy sê hierdie boodskap was sekerlik ook tot voordeel van die Here Jesus self gewees het, maar dit was by verre meer tot voordeel van die skare. Hy sê ons moet onthou dat die worsteling van die Here Jesus tot 'n groot mate opgelos was toe Hy in vers 27 opnuut by die besef gekom het Hy het immers juis vir hierdie uur gekom. Ja, die stem bevestig opnuut hierdie besef, en daarom is dit ook tot Sy voordeel, maar dit is nie primêr hoekom die Vader dit uit die hemel gesê het nie. Ons moet onthou hoe die dissipels al geruime kere nie direk verstaan het wat die gebeure wat hulle beleef het. beteken het nie – dink maar net aan laasweek toe ons gesien het hulle het nie direk die gebeure tydens die intog na Jerusalem verstaan nie. Hulle het dit eers later verstaan na die Here Jesus se verheerliking. Waarskynlik was dit ook hier die geval. Op daardie tydstip toe hulle die stem uit die hemel gehoor het, het die skare dit nie verstaan nie. Moontlik het die Here Jesus dit later aan Sy dissipels verduidelik, en hulle het dit eers na Sy verheerliking self goed begryp, en dit toe aan die mense verduidelik. En op daardie latere stadium was dit vir hulle wel tot groot voordeel.

Verder moet ons onthou dat 'n stem uit die hemel 'n baie unieke en rare gebeurtenis was: Benewens hierdie geval, lees ons net van twee ander insidente tydens die lewe van die Here Jesus hier op aarde: Tydens Sy doop en tydens Sy verheerliking op die berg. Die uniekheid van wat hier gebeur het, het bygedra om te onderstreep hoe 'n groot en belangrike draaipunt in die geskiedenis op hande was noudat die uur gekom het.

Die uur het gekom vir die verheerliking van die Seun – en dit is deur Sy verheerliking dat Sy Vader se Naam ook verheerlik sal word.

<u>Verdere doelwitte van die verheerliking van die Seun van die mens (Joh 12:31-33)</u>

Ons het nou reeds twee doelwitte gesien met die verheerliking van die Seun wat begin met Sy sterwe: Dit sal lei tot baie vrug, d.w.s. baie gelowiges vir wie Hy geregtigheid kan bewerk. En die Seun se verheerliking sal lei tot die verheerliking van die Vader.

Lees Joh 12:31-33. Hier lees ons van ten minste nog vier doelwitte met die verheerliking van die Seun van die mens deur Sy sterwe:

- Vers 31: Nou dat die uur gekom het dat die Seun van die mens verheerlik moet word, nou het die oordeel oor hierdie wêreld ook aangebreek. Dit is natuurlik so dat die Here Jesus die Een is wat gaan oordeel. En die Bybel leer ons baie duidelik dat Hy gaan oordeel met Sy wederkoms, aan die einde van die tyd. En tog lees ons hier dat die begin van Sy verheerliking ook gepaardgaan met die begin van die oordeel oor die wêreld. Die oordeel wat ons in gedagte moet hê is byvoorbeeld die oordeel waarvan ons vroeër in vers 25 gelees het: daar is mense wat hulle lewe in hierdie wêreld liefhet, en daar is mense wat hulle lewe in hierdie wêreld gering ag. Dit is juis deur die verheerliking van die Seun in Sy sterwe dat die geleentheid daar is om Hom te dien en volg. Sy verheerliking bring skeiding tussen hierdie twee groepe mense. As iemand Hom dien, gaan hy nou al oor van die dood na die lewe – daar is dus alreeds 'n vorm van oordeel. Die finale oordeel kom egter eers met Sy tweede koms.
- Vers 31: Dit is ook met die verheerliking van die Seun van die mens deur Sy sterwe dat die heerser van hierdie wêreld uitgedryf sal word. Die heerser van hierdie wêreld is natuurlik die duiwel. Dit is juis met die lyding van die Seun aan die kruis dat Hy gedurende daardie drie ure van duisternis met die duiwel geworstel het, en hom oorwin het. Die sterwe van die Here Jesus lyk op die oog af asof die duiwel Hom oorwin het, maar dit was alreeds voor die Here Jesus gesterf het, dat Hy die duiwel gebind het, en hom uit die hemel gegooi het. Ja, hy is nou hier op aarde en hy loop rond soos 'n brullende leeu op soek na veral die gelowiges om hulle te verslind. Maar sy oorwinning is reeds behaal deur die Here Jesus as die Oorwinnaar-Koning. Tans is die duiwel gebind en beperk in wat hy kan vermag. En met die wederkoms sal hy finaal in die poel van vuur gegooi word. Hierdie aspek van die verheerliking van die Seun van die mens verduidelik klinkklaar hoekom Sy sterwe deel is van Sy verheerliking – want tydens Sy sterwe het Hy die duiwel oorwin. Sekerlik is Hy nou waardig om verheerlik te word!
- Vers 32: Dit is met die verheerliking dat die Seun van die mens ook van die aarde verhoog word. Lees vers 33. Hieruit is dit duidelik dat ons moet verstaan hierdie verhoging van die Here Jesus tydens Sy verheerliking dui op die manier waarop Hy gesterf het. Ons weet Hy het gesterf deur kruisiging. Tydens die kruisiging is Hy van die aarde af opgelig. Maar soos wat so dikwels die geval is in die Johannes-evangelie, is hier ook 'n dieper betekenis: Sy sterwe, wat 'n fisiese verhoging van Sy liggaam van hierdie aarde af was, was ook die eerste stap wat aanleiding sou gee tot verdere verhoging: Sy opstanding en eventueel Sy hemelvaart. Dink maar aan Jes 52:13 wat sê: "Kyk, My Dienskneg sal suksesvol wees, Hy sal uitstyg, uittroon en baie verhewe wees." Of dink aan Fil 2:8-9: "Hy het Homself verneder deurdat Hy gehoorsaam geword het tot die dood toe, ja, die dood aan die kruis. Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en aan Hom die Naam geskenk wat bo elke Naam is". Heb 1:3b-4 sê: "...nadat Hy die reiniging van sondes bewerk het, het Hy gaan sit aan die

regterhand van die Majesteit in die hoogtes, Hy is hoog bo die engele verhef, net soos wat Hy 'n Naam geërf het wat uitnemender as hulle s'n is."

- Vers 32: Dit is met die verheerliking van die Seun van die mens dat Hy ook almal na Hom toe sal trek. In 'n sekere sin stem dit ooreen met wat ons vroeër gesien het: Sy verheerliking lei tot groot vrug deurdat baie tot geloof in Hom sal kom. Ons weet Sy sterwe was die eerste stap van Sy verheerliking. Later sou Hy opstaan en opvaar hemel toe, en Sy Heilige Gees stuur, en dit is deur die werk van die Heilige Gees dat baie na die Seun getrek sal word. Maar let op wat ons hier lees: Die Seun van die mens sal almal na Hom toe trek. Wat beteken almal? Dit kan nie letterlik elke mens beteken nie, want ons weet daar is steeds die wat hierdie lewe hoog ag en Hy trek hulle nie na Hom toe nie. Don Carson skryf hieroor en sê: Ons moet onthou wat aanleiding gegee het tot hierdie lering waarmee die Here Jesus hier besig was: dit was juis Grieke, oftewel nie-Jode, wat met Hom wou praat. Dit is onder andere met hierdie Grieke wat Hy praat. En dit is aan hulle wat Hy die versekering wil gee, Sy verheerliking sal aanleiding daartoe gee dat Hy nie net Jode na Hom sal trek nie, maar ook Grieke, en dus ook mense van alle tale, stamme en nasies.

Geliefdes, ek hoop jy sien dit raak: Ons kan wonder hoe die sterwe van die Here Jesus juis deel is van Sy verheerliking? Maar wat ons hier leer, is dat dit juis deur Sy sterwe is dat daar groot vrug van baie gelowiges gaan wees en hulle gaan uit alle stamme, tale en nasies kom. Dit is juis deur Sy sterwe dat die Vader verheerlik word. Dit is juis deur Sy sterwe dat die oordeel na die wêreld kom. Dit is juis deur Sy sterwe dat die duiwel uitgedryf word. Sy sterwe is juis die begin van Sy verhoging tot Hy aan die regterhand van die Vader sit. En die punt van die Here Jesus is: Die uur hiervoor het nou gekom.

Die skare wat daardie dag teenwoordig was, het ook geworstel met alles wat die Here Jesus vir hulle gesê het. Lees vers 34. Hulle het goeie vrae gevra. Hulle het verstaan dat die Christus vir ewig gaan bly, en tog leer die Here Jesus nou Hy moet verhoog word, en dus weggaan. Die Here Jesus het nie in detail op hulle vrae geantwoord nie. Nee, Hy het 'n ander benadering gevolg. Lees verse 35-36a. Natuurlik verwys die Here na Homself as hy van "lig" praat. Sy antwoord aan hulle was dat Hy, as die lig, nog net 'n kort tydjie by hulle sal wees. Hulle moet hierdie tyd nuttig gebruik. Hy het hulle nou baie dinge geleer. Hulle moet nou hulle oë oop hou, hulle moet kennis neem van wat met Hom gebeur. Hulle moet nie moedeloos word as al hierdie dinge begin gebeur en dit lyk of Hy oorwin word nie. Hulle moet aan die lig bly vashou, en nie toelaat dat die duisternis hulle oorval nie. Hulle het baie om oor te dink. Al gaan dit lyk of Hy oorwin word, sal dit spoedig duidelik word dat dit nie die geval is nie – sekerlik sal dit teen Sondag van daardie week duidelik wees. En dan behoort hulle in 'n posisie te wees om al hierdie dinge in beter perspektief te sien. En dan kan hulle selfs kinders van die lig wees, wat selfs nadat die Here Jesus opgevaar het, die lig kan laat skyn en ander daarvan vertel.

Lees Joh 12:36b. Nadat die Here Jesus dit vir hulle verduidelik het, het Hy weggegaan en Hom van hulle onttrek. Behalwe vir nog 'n paar uitsprake in verse 44-50, was hierdie die laaste openbare optrede van die Here Jesus. Vanaf Joh 13 val die fokus op interaksie tussen die Here Jesus en Sy binnekring – die dissipels. Dit is opvallend dat Sy laaste openbare optrede juis die gevolg was van 'n versoek van 'n aantal Grieke. Hierdie versoek van nie-Jode, het die Here Jesus daartoe gelei om aan die einde van Sy openbare optrede te verduidelik hoe Sy sterwe deel van Sy verheerliking is. Boonop is dit nou op hande. En boonop het dit groot en verreikende gevolge. En die hele wêreld moet hiervan kennis neem – Jode en Grieke. En ook ons.

Kan ek jou aanmoedig om met groot erns die verheerliking van die Seun van die mens te oordink. Dit was 'n reuse draaipunt in die geskiedenis van die mensdom. Dit is absoluut die moeite werd om dit deeglik te deurgrond. Immers is Sy verheerliking deel van die verheerliking van die Vader. En dit gee vir ons meer as genoeg rede om die Seun en die Vader te verheerlik. En dit is die doel waarvoor ons hier op aarde is.